18. Gelowiges bereik ongelowiges hier naby

Bereik 4

Bybelgedeelte
Matteus 28:16-20; Handelinge 1:6-8

Kerngedagte
Gelowiges bereik ongelowiges hier naby om gelowiges te word.

Kernvers
Matteus 28:19 'Gaan (julle elkeen) dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels ...'

Terugvoering van verlede keer

Met jou ouers/ voogde: Wat het jou ouers/ voogde gesê toe jy hulle vertel het wat jy van die Here se werk in die ander land geleer het?

Ander aktiwiteit: Gee vir jou kleingroepleier wat jy saamgebring het om vir die sendeling in die ander land te stuur om hom in sy werk te help.

Bybelboeke: Kom ons kyk of almal al die boeke van die Bybel ken!

Aktiwiteite

1. Noem net een ding wat vir jou interessant met vandag se boodskap was.
2. Wat het die troue vanoggend voorgestel?
3. Wie was vanoggend die 'bruidegom' en 'bruid' met die 'troue'?

Bruidegom ♂	Bruid ♀

4. Wat het jy van die 'bruid' geleer?

Bruid ♀

5. Wat het die bruidegom en bruid vir mekaar beloof?

Bruidegom belowe	Bruid belowe
♂	♀

6. Dink aan ten minste drie dinge wat ons as kinderkerk/ kategese/ Sondagskool (TEAM 12-bruidegom) vir hierdie plaaslike groep (bruid) kan doen om hulle te help om ongelowiges hier naby ons te bereik om ook gelowiges te word.

3 Dinge
wat ons as Team 12-'bruidegom' vir ons 'bruid' kan doen

Tuisaktiwiteite

Met jou ouers/ voogde: Vertel vir jou ouers/ voogde van die 'troue' by die kinderkerk/ kategese/ Sondagskool en wat dit beteken.

Ander aktiwiteit: Die kleingroepleier moes reël wat jy volgende keer moet saambring om later met Ontmoeting 22 vir die 'bruid' met haar werk te help.

Bybelboeke: Maak seker dat jy steeds al die boeke van die Bybel vir volgende keer ken.

Onthou: Bring jou Bybel en skryfding volgende keer saam.